



Die Venda-digter Vonani Bila by die opening van die EPOS I en EPOS II-uitstalling Dinsdagaand by die Universiteit van Pretoria. EPOS is 'n projek wat Suid-Afrikaanse en Vlaamse woord- en beeldende kunstenaars insluit.

Foto: WALDO SWIEGERS

Riëtte Grobler

Kommunikasie oor kuns-, lands- en geskiedkundige grense heen het tot die ontstaan van die EPOS I- en EPOS II-versamelings gelei.

Dié beeldende- en woordkunsuitstalling is Dinsdagaand by die Universiteit van Pretoria (UP) geopen, aan die vooraand van die universiteit se eerste Boekjool.

EPOS I en EPOS II is 'n samewerkingsprojek tussen Suid-Afrikaanse en Vlaamse woord- en beeldende kunstenaars.

Veerle Rooms, die projekleier, beskryf die projek as "kruisbestuiwing tussen kontinente". Die kunstenaars het daarom ook oor en weer tussen die kontinente gereis.

"'n E-pos verwys in sowel Afrikaans as Vlaams na korrespondensie, of elektroniese briewe," sê Rooms. "Maar 'n epos is ook 'n storie in die literêre sin. Met hierdie wete kan 'n kunstenaar of skrywer die tema vrylik interpreteer soos hy of sy wil."

Twee Suid-Afrikaanse digters wat aan die projek deelgeneem het, is Charl-Pierre Naudé en die Vendadigter Vonani Bila.

"Solank as wat mense emosioneel kommunikeer en mekaar as kunstenaars verstaan, maak dit nie saak dat ons nie mekaar se tale verstaan het nie," het Bila gesê.

Hy het met die Belgiese fotograaf Malou Swinnenn saamgewerk en onder meer gedigte geskryf oor haar naakfoto's.

"Hierdie kuns en literatuur is beeldskoon," sê Bila. "Die samewerking is nodig en dra by tot die bou van gedeelde menslikheid."

Naudé verduidelik dat EPOS I oor die skep van 'n persoonlike woordeskat gegaan het, terwyl EPOS II se



Charl-Pierre Naudé lees een van sy gedigte voor

Foto: WALDO SWIEGERS

klem sosiaal was. Hy het onder meer met die grafiese kunstenaar Kim Berman saamgewerk. "Sy is subtiel polities-geïnspireer," sê hy.

Volgens die Belgiese kunstenaar Linda Vinck het die projek deelnemers se onsekerhede ondermyn. Sy meen samewerking tussen kunstenaars, oor verskillende genres, het hulle gedwing om hul kuns anders te benader as wat hulle normaalweg sou.

Dit het ook vir haar tot 'n groter begrip van die gedeelde geskiedenis tussen Suid-Afrika en Vlaandere gelei. "Die woord 'Hottentottentoonstelling' was 'n tongknoper toe ek 'n kind was. Die Suid-Afrikaanse digter Mavis Smallberg het die woord as inspirasie gebruik vir haar gedig *Heritage*."

Ander kunstenaars wat aan die projek deelgeneem het is die Suid-Afrikaanse grafiese kunstenaars, Fikile Skhosana en Garth Erasmus, die Belgiese digters Suzanne Binnemans en Frans Boenders, en die Suid-Afrikaanse digter Mavis Smallberg.

Die uitstalling in die Klubsaal (langs Burgundy's) duur tot Saterdag. Die boekfees is deel van die universiteit se eeufeesviering.